# Gebedsbrief

## BEKOMMERNIS EN … FRUSTRASIE

Die lewe is soms moeilik en pynlik. Die pyn en moeilikheid kan verskillende grade aanneem. Baie keer kom dit te voorskyn in die alledaagse lewe. Dit wil by ons gewoonlik een van die twee reaksies laat posvat; angstigheid of frustrasie.

Angstigheid is die teenoorgestelde van vertroue in God. Jesus spreek dit aan in Matteus 6:25-34. In die gedeelte gebruik Hy die term "bekommer" ses keer. Die opdrag is moenie bekommerd wees nie, Paulus sê

wees oor niks besorg nie (Fil. 4:6)

en Petrus sê

werp al jou bekommernisse op Hom, Hy sorg vir julle (1 Pet 5:7).

As *ons* dit sou sê, sou dit bietjie troos vir iemand wees, maar hier is dit die Here wat dit vir ons sê. Dit is met ander woorde sonde as ons dit in ons lewe toelaat.



Angstigheid is 'n sonde omdat ons God wantrou. Hy sorg vir ons soos Hy vir die voëls en die lelies van die veld sorg.

As ek **bekommernis toelaat glo ek dus nie dat Hy vir my in moeilike omstandighede sal sorg nie** - Hy is dus 'n leuenaar.

**Dit is ook sonde omdat ons die voorsiening van God in ons lewe wantrou.**

Hy laat alles ten goede meewerk vir my, (Rom 8:28).

Hy is besig om alle omstandighede te orkestreer om die beste vir my te sorg. Bekommernis sê ek vertrou God om nie in beheer te wees nie.

Baie keer is die angstigheid en bekommernis omdat ek my nie met blymoedigheid aan die agenda van God



Posbus 395 Evander 2280 Tel 017 689 2001/4 Faks 017 689 2018 adullamaca@secunda.co.za

# BEKOMMERNIS EN FRUSTRASIE

## VERVOLG

wil onderwerp nie. Ons neiging is om ons agenda so te jaag dat enige iets wat gebeur my ontstel, inplaas daarvan om myself oor te gee aan die agenda van God. John Newton sê dat een van die tekens van 'n volwasse Christen is dat hy veilig teen teleurstellings is. Ons eie kortsigtige planne kan omgegooi word maar die wil van God is die belangrike saak, ons vergeet om te vra na sy doel/plan vir ons.

Dit sê nie dat ons nie kan bid oor die sake nie (Fil 4:6) maar dit moet altyd uit die hand van God ontvang word, met die wete dat God se plan beter is.

Daarom bid in hierdie omstandighede dat God geloof sal gee sodat ons dit uit Sy hand ontvang, al is dit teen ons eie planne.

Die "Phillips Modern English" vertaling van 1 Petrus 5:7, "You can throw the whole weight of your anxieties upon Him, for you are his personal concern."

God vergeet nie eers 'n voëltjie nie, hoeveel te meer, sal Hy ons nie vergeet nie.

**Ons moeilikheid is dat die situasies in ons gedagtes, groter is as die beloftes van God. Ons kan net uitroep en sê:**

"Ek glo, kom tog my ongeloof te hulp."

Frustrasie is baie naby hieraan verwant. By angstigheid is vrees betrokke maar by frustrasie is dit gewoonlik woede omdat my planne geblok word. Ek moet byvoorbeeld iets skryf op 'n CD maar die rekenaar wil nie saam werk nie. In plaas van om te glo dat God in soewereine beheer is en dat Hy goeie rede het om dit toe te laat, raak ek gefrustreerd. Die optrede is eintlik goddeloosheid, want ek lewe asof God nie betrokke is in my lewe nie.

**Ek misluk om die onsigbare Hand van God in die situasie te sien.**

Soms misluk ons totaal om te onthou van God - ons fokus net op die oorsaak van ons frustrasie.

Leer gerus **Psalm 139:16** waar die Here sê dat al ons dae opgeskryf is, wat dui op die lengte van ons lewe en die detail van elke dag. Indien iets gebeur kan ek die vers aanhaal en sê dat dit alles deel is van God se plan.

Ek kan dan rustig bid dat die Here my lei hoe om op te tree. Dan kan ons bid vir praktiese wysheid van die Here vir die situasie. Dit het ook groot waarde om te vra of/wat God jou wil leer.

**Ds Japie Malan**

# GEESTELIKE OPLEIDING

## DRUK DIE VOLK DIE VOORSKRIFTE EN WETTE OP DIE HART, LEER HULLE DIE PAD WAT HULLE MOET LOOP EN WAT HULLE MOET DOEN (Eksodus 18:20)

Ons eerste groep Bybelskool-studente wat in 2007 geregi-streer is, het hulle laaste esamen suksesvol afgelê.

Vier studente, onder leiding van Dominee Japie Malan, het die Timoteus Opleiding voltooi.

Die drie mansstudente vorm deel van Adullam medewerkers en bedien die Sending met die Woord tydens eredienste.

Ons is baie dankbaar dat hierdie groep, waar hulle op die Sending werksaam is, die evangelie uitleef en die boodskap van Jesus deel met persone wie hulle pad kruis -

Phillip Mhindo
Bestuur: Groentetuine

Beauty Chinaki
Hulp Onderwyser: Speelgroepie

Peter Zharare
Melkery en Skole besoek (uitreiking)

Daniel Mhindo
Veeboerdery

**Bid asseblief** saam met ons vir die Bybelskoolstudente wat nog met die kursus besig is, sowel as vir vorige

bid asseblief ernstig vir VERLORENES – dat hulle nie hulle harte sal verhard wanneer hulle die HERE se stem hoor nie! (Heb 13:3)




**FOTO BO**

**Agter:** Ds JP Malan, Peter Zharare en Daniel Mhindo-
**Voor:** Phillip Mhindo en Beauty Chinaki

# KLEUTER ONDERWYS OPLEIDING

ELKE EEN WAT NIE BY DIE LEER OOR CHRISTUS BLY NIE, MAAR DAARAAN VERANDER, ERKEN GOD NIE. WIE IN DIE LEER BLY, ERKEN SOWEL DIE VADER AS DIE SEUN
(2 Johannes 1:9)



## Speelgroepie & Voorskoolse Opleiding

Adullam Christian Academy bied gereeld speelgroepie en voorskoolse opleiding aan.

Opleiding is gemik op volwassenes wat 'n verhouding met Jesus Christus het en wat graag hul gemeenskap vir Jesus wil wen. Kursusgangers word toegerus om kleutertjies van die Here te vertel en vir formele skoolopleiding voor te berei.

Die Kursusprogram is geskoei op die Christelike Leerprogram Step by Step®. Alle sendingkleuterskole onder Adullam Sending geregistreer, is opgelei in en volg bogenoemde program.

Kursusgangers word opgelei om deur die program, die evangelie na kindertjies te bring ... en deur ontvanklike kinderharte, weer na ouerhuise te bring.

Die 24 persone wat vir beide kursusse geregistreer het, kom van onder andere Middelburg en die Vrystaat.

Kursus datums is dv:
**6-31 Oktober** &
**3-28 November 2007**.

**Bid asseblief**

- dat die kursus geseënd sal wees,
- dat die kursusgangers se harte ontvanklik vir lering en bereid vir verandering sal wees.
- Dat gevestigde denkpatrone nie in die pad van die opleidingstaak sal staan nie.

# JEUGKAMP



Drie jeugkampe is die afgelope twee skoolkwartale oor naweke op Adullam Sending gehou.

KENNIS BEGIN MET DIE DIEN VAN DIE HERE; DIT IS NET DWASE WAT WYSHEID EN OPVOEDING GERING AG
(Spreuke 1:7)

soos baie kinders getuig het -

**"Die Heer het 'n groot werk in my lewe gedoen! Ek kan nie bekostig om die volgende jeugkamp mis te loop nie!"**

Gedurende die kampe het kinders die geleentheid gekry om hulle lewens vir die Heer Jesus te gee. Baie kinders was spyt toe die kamp verby was en die tyd om huis toe te gaan aangebreek het.

Alle eer aan die Heer!

Redes was:

hartseer huislike omstandighede waarvoor hulle net nie kans sien nie ... of ...

Ek sê vir julle:
Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.

Lukas 15:10



**FOTO BO:**
Hierdie twee seuns het opgewonde en dankbaar getuig dat die Here Jesus 'n Groot Werk in hulle lewe gedurende die jeugkamp gedoen het.

# JEUGWERK

## MOENIE IN JULLE TOEWYDING VERSLAP NIE,
## BLY ALTYD GEESDRIFTIG,
## DIEN DIE HERE
## (Romeine 12:11)

'n Skoolgaande Jeuggroep van Heidelberg het hulle hande, tyd en energie vir die nodige werk aangebied …

Die agt jongmense en hul onderwyser het in verskillende areas op die sending sowel as by die sending skool, adullam christian academy, ingespring en sodoende 'n groot hulp vir ons min hande gewees!

### verf

Die Graad 4 & 5 klas spog met 'n splinternuwe, gladde sandkleur baadjie! Die hele klaskamer is aan die buitekant oorgeverf en lyk inderdaad splinternuut!

### afskuur

Daar is hard geskuur om die volgende tonnel se struktuur roesvry te kry. Die jongmense het koue, winderige winterweer en ongemak getrotseer om die roeskolle en ou verf, stukkie vir stukkie af te skuur.

### rooiloot

Na die groot afskuur is die struktuur met rooiloot (roesvrye) verf oorgeverf.

**Vele hande maak sowaar die werk ligter!**

Dankie aan die hele span vir julle bereidwilligheid, diensbaarheid en mooi gesindhede —

ons waardeer!

dankbaar



# GEROEP
# UIT DIE KAAP
# *FOURIE HUIS*

Johan en Anneke Fourie getuig hoe die Here hulle geroep het om as gesin op Adullam Sending te kom vestig en die Here hier as medewerkers te dien.




## Anneke vertel:

Terwyl vriende eendag by ons gekuier het, het hulle ons gevra om tog daaroor te bid of die Here ons nie dalk na Adullam roep om daar te kom help arbei vir die Here nie.

Ek wou glad nie daaroor bid nie! Ek was te bang dat dit wel die geval sou wees ...

*want die Kaap is my hart se punt, my geboorteplek, en was vir 35 jaar deel van my hele lewe*

Op 'n dag het die Here hierdie gedeelte uit die Skrif vir my kom gee,

Rut 2:11:

*… en dat jy jou vader en jou moeder en jou 'geboorteland' verlaat het en na 'n volk getrek wat jy gister en eergister nie geken het nie.*

# GEROEP UIT DIE KAAP

Stadigaan het die Here in my hart begin werk, lánk voordat Hy vir Johan sou bevestig, dat Adullam Sy plek vir Sy bepaalde tyd vir ons is.

Een aand, toe ek my kop op my kussing neerlê, het ek die Here gevra dat ek die naam Adullam in die Bybel sou raaklees sonder om daarvoor te soek. Die volgende oggend, toe ek in die kombuis kom, lê die Bybel oop by Josua 14 en 15. Johan het stiltetyd gehou en die Bybel oopgelos toe hy vertrek het werk toe. Ek begin lees toe sommer daar en sowaar! In presies Jos 15:35 lees ek 'Adullam' !! Presies wat ek die vorige aand vir die Here gevra het! Dit was asof die Here met 'n helder hoorbare stem met my kom praat het!

In die daaropvolgende twee jaar wat verby sou gaan vóordat die Here eers met Johan sou praat, het die Here dit telkemale vir my bevestig, om dit vas te maak in my eie hart, en my ook gereed te maak vir hierdie groot uitdaging.

Ek het gehoor dat die naam Adullam 'plek van rus' beteken.

Een aand het iets voorgeval en kon Johan nie vir die kinders Bybel lees nie. Ek gaan toe maar net aan daar vaar hy die vorige aand opgehou het.

Dit was Matteus 11 vanaf vers 25. veral verse 28 en 29 het my diep getref.

*Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en EK sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want EK is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir jul siele.*

Dikwels is hierdie vir my so 'n troos en bemoediging, veral as die stryd fel is.

Die Here het ons hierheen gebring en ons is binne Sy perfekte wil vir nou! En by en in Hom kan ons rus hê te midde van aanslae en moeilike tye!

So het die Here ook op 'n dag met my gepraat uit Rut 1:9

*Mag die Here gee dat julle 'n rusplek vind …*

en Rut 3:1

*… sal Ek nie vir jou 'n rusplek soek, dat dit goed met jou kan gaan nie?*

Al gaan dit nie altyd 'rustig' wat die werksomstandighede hier op Adullam betref nie, dank ek die Here dat Hy steeds besig is om my te leer hoe om in Hom te rus. In Hom alleen vind ek dikwels daardie rus wat Hy ons so graag wil gee. Hy maak my los van mense, dinge en alle ander ankers wat ek so maklik as plaasvervangers vir Hom wil gebruik.

Ek dank en eer Hom daarvoor en bid dat Hy steeds sal voortgaan om sodoende Sy doel in en deur my lewe te bereik tot verheerliking van Hom alleen!

# GEROEP UIT DIE KAAP

## Johan getuig:

Nadat die Here ons (my en Anneke) geroep het tot voltyds in Sy diens in 1995, was dit 'n tydperk van wag en voorbereiding.

Ons is in 1997 na die AEB (Afrika Evange-liese Bond) se Bybel kollege (Glenvar) vir twee jaar. Daar het die Here ons wonderlike lesse geleer hoe om op Hom te vertrou. Wat dit beteken om in die **geloof** te lewe.


Daarna stuur die Here deur Sy groot genade ons na my ouers se plaas vir 'n bepaalde tydperk vir 'verdere opleid-ing'. In hierdie tyd leer die Here ons (my onderandere) wat dit beteken om Sy stem te hoor deur die Skrif en te doen, soos Romeine 1:5 sê, deur die geloof gehoorsaam te wees.

*... deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te ver-kry onder al die heidene ter wille van sy Naam, (Rom 1:5)*

In hierdie tyd kom daar baie pro-posisies en geleenthede om in 'n besigheid betrokke te raak, maar God is getrou om ook hierdeur ons te lei deur Sy onfeilbare vrede.

In 2004 besluit ons as gesin om 'n sendingtoer te onderneem (al ons vriende en geesgenote te besoek) met die doel om saam te bid dat die Here sal bevestig waar ons volgende stop sal wees. Met ons draaipunt op Adullam Sending waar Pieter-jan en Crista Scholtz woonagtig is, het die Here 'n afspraak met ons gehad. Ons kombi het gebreek en ons moes noodgedwonge 'n paar dae ekstra oorbly.

Met die voorbereiding vir ons terugreis, ter-wyl ek die kombi skoonmaak, bid ek en vra die Here dat as dit Adullam is waarheen Hy ons stuur, Hy dit in Sy Woord sal bevestig. In my stiltetyd daardie selfde oggend, lees ek in Josua 15:35 die woord **Adullam**, soos ek die Here gevra het.



Ek deel dit toe met Anneke, en sy sê dit is dieselfde skrif wat sy **twee jaar tevore** gekry het toe sy gebid het oor waar die Here ons heen gaan stuur. Ons besluit toe dat die Here dit sal bevestig deur vir Dominee Japie te laat vra of ons Adullam toe wil kom. Daardie selfde namiddag, net voor ons die volgende oggend sou terugry, vra hy my of ons nie na Adullam wil kom nie!

*Die Here is waarlik getrou en wonderbaar in sy weë.*

Nou byna vier jaar later, besef ons en praat ons gereeld oor hoe goed en genadig ons Hemelse Here Jesus is.

*In sy genade en rus wil ons bly.*

# ONS NEEM AFSKEID

## ADULLAM SENDING HET AFSKEID VAN EEN VAN ONS GETROUE MEDEWERKERS GENEEM.




Abel Dhlamini is na 'n lang siekbed in Augustus in Evander Hospitaal oorlede.

Abel Dhlamini het in 2004 op Adullam Sending begin werk.

Abel was die gewillige 'vervoerman' van die Sending.

Van melkverkoper, kampkinders en kerkbywoners aanry, medewerkers kliniek en hospitaal toe neem, aanry en wegneem, en groot bemarking vir die Koninkryk, was deel van Abel se betrokkenheid.

Abel sal as die groot man met die groot hart gemis word.

Salakahle!

# THE TRUE CHRISTIAN

IS LIKE

SANDALWOOD,

WHICH

IMPARTS ITS

FRAGRANCE

TO THE

AXE

WHICH CUTS IT,

WITHOUT DOING ANY

HARM

IN

RETURN

Sundar Singh

# HOENDERBOERDERY



**Op 3 Oktober 2008 kon ons nog twee honderd lê-henne aankoop.**

Die Here het vir ons henne van 22 weke oud voorsien-hulle kan dus onmiddelik begin produseer. Ons is baie dankbaar vir die voorsiening-die mark wat ons tans het gaan dus nie onderbreek word wanneer die eerste 200 henne hierdie jaar gaan uittree nie. Die Heer voorsien werklik in elke behoefte!

OF AS HY 'N EIER VRA, VIR HOM 'N SKERPIOEN SAL GEE? AS JULLE WAT SLEG IS, DAN WEET OM VIR JULLE KINDERS GOEIE DINGE TE GEE—DIE VADER IN DIE HEMEL NOG BAIE MEER! HY SAL DIE HEILIGE GEES GEE VIR DIE WAT VRA
(Luk 11:12,13)



**Die opbrengs van eierverkope sal dv vir die beoogde opgradering van kombuisfasiliteite aangewend word.**

Bid asseblief dat die Heer die deur sal oopmaak vir hierdie baie nodige behoefte!

# MELKERY

Met die somerseisoen op hande, produseer die melkkoeie beter.

Die melkery voorsien daagliks melk aan die sending kombuis en medewerkers. Drie dae per week word melk in Embalenhle privaat en aan kleuterskole afgelewer.

Bid asseblief saam met ons dat die Here vir ons

iemand met 'n hart
vir Sy werk
sal stuur -

wat die karwei en melkverkope sal kan behartig.

Bid asseblief dat die Here ook hierdie arm van die boerdery sal gebruik om harte vir Hom te




**Bid asseblief dat die Heer**
**vir ons**
**REEN**
**sal voorsien !**

# BYE BOER

**Dis** Heuningseisoen **op**

**Adullam Sending!**

Suiwer
bloekomheuning
is beskikbaar teen
R 25.00 vir 'n 500ml botteltjie.



# HIDROPONIESE PROJEK



NEE, BEYWER JULLE ALLEREERS VIR DIE KONINKRYK VAN GOD EN VIR DIE WIL VAN GOD, DAN SAL HY JULLE OOK AL HIERDIE DINGE GEE
(Matt 6:33)

**Die Hidroponiese Projek getuig van die Heer se seën.**

Tamatjiesaailinge is in beide groot tonnels, die klein tonneltjie en op die oop land geplant.

Daar is lank teen 'n groen goggatjie plaag gestry, maar einde ten laasste is die stryd gewen!

Bid asseblief saam met ons dat die Here die

dreigende wit vlieg plaag

en ander

plae, peste, viruses en

swamme

ook sal keer sodat die tamatieplantjies sterk en gesond en die vruggies mooi gevorm sal wees.

# HIDROPONIESE PROJEK

## Johan Steenkamp gesels:

Ons het hierdie jaar baie vroeër geplant aangesien dit vir ons moontlik was om twee tonnels in die laaste wintermaand te kon verhit.

Ons sal ook van nou af heeljaar kan produseer en is die Here baie dankbaar daarvoor.

Tans het ons 'n total van 2 700 (twee duisend sewehonderd) plantjies in die tonnels sowel as op die oopland stelsel.

Ons konsentreer sterk op uitbreiding. Ons wil graag ons produksie sowel as die gehalte van ons produk verhoog.

Elke jaar leer ons nuwe dinge -nuwe siektes, bestryding daarvan en hoe om met verbeterde tegnieke te groei.

Dit verg natuurlik baie ure se werk, leer, oplees en naslaan, telefoonoproepe en kenners raadpleeg.

**Maar op die ou end van die dag is dit die Here wat laat groei.**

Geestelik is daar baie lesse wat ons al geleer het en die Here moet alle eer kry want Hy het sover alles moontlik gemaak.

**Bid asseblief saam met ons vir:**

- 'n goeie produk
- 'n goeie mark
- finansiëele ondersteuning om die laasste drie tonnels waarvan nog net los strukture, opgerig kan word
- getroue arbeiders
- geestelike groei van alle werkers



Ons kan net die Here loof en prys!

Soek eers die koninkryk van God en die res sal die Here byvoeg!

U kan op
baie maniere
*dien*
in die Here se
konginkryk

Dis 'n eer om in diens
van die
*Allerhoogste*
te kan staan!

# INDIEN U BETROKKE WIL RAAK

In Lukas 10:2 sê die Woord van die Here: **Hy het vir hulle gesê: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes**. Die Woord sê dat die oes groot is - gereed is, maar die arbeiders is min. Die oes kort werkers. Passievolle en toegewyde werkers. Wanneer die Heilige Gees in jou hart praat, moenie jou hart verhard nie.

## Raak betrokke!

*hoe en waar jy dien wys wie die koning van jou lewe is!*

### gebed

**Gebed bring die Here se hand in beweging**. Bid dat die Heer se Koninkryk sal kom; in elke hart en in jou land. Bid vir Sy voorsiening sodat die werk kan voortgaan. Bid vir sy seën in elke projek

### hulp aanbied

**Daar is baie areas waarin jy kan dien, Jesus se hande en voete kan wees**. Kontak Ds Malan (0826544707) as jy by 'n sending aktiwiteit betrokke wil raak.

### Skenkings & donasies

**Baie dankie vir u bydraes op verskillende terreine—die Here seën u!**

*'n wyse en permanente*
BELEGGING

**Skaf vir julle 'n beurs aan wat nie leeg raak nie, 'n onuitputlike rykdom in die hemel, waar geen dief dit kan bykom en geen mot dit kan verniel nie. Waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees**

Lukas 12:33,34